

KINDERWERKKAART: Handelingen 16:1-10

Werk waar God Werk

- Luister en wees gehoorzaam



OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

- Lees deur **Handelinge 16 vers 1-10** saam met jou kind(ers) in hierdie week.
- Verduidelik aan jou kind dat Jesus ons lei en met ons praat as ons die bybel lees, as ons bid en as ons saam met maatjies oor die bybel gesels
- Verduidelik aan jou kinders dat Jesus ons lei en beskerm net soos Mamma en Pappa hulle kinders beskerm en lei.
- Lê vas by jou kind dat net soos wat jy as mamma of papa jou by die huis werkies gee om te doen, net so gee Jesus ook vir ons werk wat ons moet doen
- Ons moet net soos as Mamma en Pappa of as Juffrou en Meneer vir ons werk gee om te doen dit gou en dadelik doen en seker maak dat goed gedoen is
- Jesus wil ons gebruik en ons moet gewillig wees om te werk vir Hom
- Verduidelik vir jou kinders dat alle werk vir Jesus nie "belangrike werk" is wat deur almal waardeer en raakgesien gaan word en waarvoor jy bedank gaan word nie. Baie kere is dit werk agter die skerms wat niemand wil doen nie, maar wat belangrik is om te doen.
- Ons moet onself vra: Wat het **EK** wat God kan en wil gebruik? En hoe kan en diensbaar wees in die gemeente waar ek geplaas is en hoe kan ek ander help. Ons moet nie altyd net kyk hoe ons gehelp kan word nie, ons waarde lê in ons diensbaarheid en ons gewilligheid om te help.
- Sing saam Lied 308 Vers 2 en 3 en verduidelik vir die kinders wat die woorde beteken

Lied 308 (2 en 3)


Neem my hande maak hul sterk
Diensbaar in u goeie werk
Neem my voete **skoei** hul Heer
Met **bereidheid** tot U eer

Neem my stem en laat my sing
Aan U Here, **hulde** bring
Laat my mond die **boodskap** dra:
Hul sal **vind** wat na U vra

Werkkaart vir peuters en kleuters (0-4 jaar)

Kyk of jy by die maatjie kan uitkom. Trek die paadjie met 'n potlood en kleur die paadjie dan mooi in. Luister mooi as Mamma of Pappa jou help dan sal jy die pad kry. Sit een lekkertjie op die tafel neer. Verduidelik dat as jou kind kan wag todat hy klaar is met die werkkaart voor hy die lekkerkie vat hy/sy 4 lekkerkies kan kry. Dis ook hoe Jesus ons beloon as ons gehoorsaam is, meer as wat ons verwag.

Begin hier



Trek vir jou mannetjie 'n hemp en 'n broek aan en kleur dit mooi in

Werkkaart vir kindertjies (4-9 jaar)

Wat kan ek in die week vir iemand doen wat van God af kom

Sit een lekkertjie op die tafel neer. Verduidelik dat as jou kind kan wag todat hy klaar is met die werkkaart voor hy die lekkerkie vat hy/sy 4 lekkerkies kan kry. Dis ook hoe Jesus ons beloon as ons gehoorsaam is, meer as wat ons verwag.

Werk wat ons kan doen- Gehoorsaam	
Aktiwiteite	Sê of jy gehoorsaam is of nie
Ruim my kamer op	
Tel nie my klere van die grond af op nie	
Deel nie my lekkers nie en eet alles alleen op	
Deel lekkerkies met maatjie	
Baklei met moetie omdat hy met my karretjie wil speel	
Moedig 'n maatjie wat swaarkry aan	
Baklei met 'n maatjie wat met my wil speel want ek is in 'n slegte bui	
Doen my huiswerk wat ek by die skool kry	
Doen nie my huiswerk wat ek by die skool kry nie	
Leer my katkisasie werk	
Leer nie my katkisasie werk nie	
Gaan kerk toe of luister preke op die radio of kyk op TV	
Kyk net sport en Flieks en gaan nie kerk toe nie en kyk en luister nie eredienste nie	

Wat gaan jy die week doen wat wys dat jy vir Mamma/Pappa of Juffrou/Meneer luister. As jy vir hulle luister. Is jy ook gehoorsaam aan Jesus en doen jy Jesus se werk ook reg

1.

2.

3.

4.

5.

6.

7.

